# WorksheetCloud.com - Vraestel

**Vak:** Graad 8 Afrikaans: Huistaal
**Onderwerp:** Afrikaans HT: Eksamen Kwartaal 2
**Totaal:** 102 Punte

**Naam:** ______________________

**Datum:** ______________________

---

**Vraag 1: Veelvuldige Keuse** — 4 punte

Identifiseer die beeldspraak (twee) in die volgende voorbeeld:

Die bye zoem soos vliegtuie verby ons koppe.

| | |
|---|---|
| **A** | Personifikasie en vergelyking |
| **B** | Klanknabootsing en vergelyking |
| **C** | Metafoor en klanknabootsing |
| **D** | Personifikasie en metafoor |

---

**Vraag 2: Voltooi Die Ontbrekende** — 6 punte

Vul in: (1) is 'n goeie voorbeeld van 'n vraende voornaamwoord.
Vul in: (2) is 'n goeie voorbeeld van 'n aanwysende voornaamwoord.
Vul in: (3) is 'n goeie voorbeeld van 'n onbepaalde voornaamwoord.

Opsies Is: Wie | Mekaar | Waarop | Iemand | Daardie | Ons

| | | | |
|---|---|---|---|
| **1** | | **2** | |
| **3** | | | |

---

**Vraag 3: Veelvuldige Keuse** — 4 punte

Identifiseer die byvoeglike bepaling(s) in die volgende voorbeeld:

Die jagter met die haelgeweer skiet die bokkie met die klein ogies.

| | |
|---|---|
| **A** | "met die haelgeweer" en "die bokkie" |
| **B** | "met die haelgeweer" en "met die klein ogies" |
| **C** | "Die jagter" en "die bokkie" |
| **D** | "skiet" en "die klein ogies" . |

---



Kry meer inhoud by **www.worksheetcloud.com**
*Kopiereg Learning Lab Apps (Edms.) Bpk. Alle regte voorbehou.*

**Vraag 4: Waar/Onwaar** 2 punte

Paronieme is woorde wat van dieselfde stam afkomstig is.

**WAAR** **ONWAAR**

**Vraag 5: Skryf Jou Antwoord** 3 punte

Skryf 'n goeie antoniem vir "per abuis" uit die volgende paragraaf neer:

Die vleuel het doelbewus die bal by die kantlyn uitgeskop. Aangesien die wedstryd reeds verby was, is hy nie daarvoor gepenaliseer nie.

**Vraag 6: Skryf Jou Antwoord** 3 punte

Verbind die volgende twee sinne met die voegwoord "totdat" :

Jan eet genoeg. Hy is versadig.

**Vraag 7: Skryf Jou Antwoord** 3 punte

Identifiseer die stylfiguur in die volgende voorbeeld:

Die vrou het sag heengegaan.



Kry meer inhoud by **www.worksheetcloud.com**

*Kopiereg Learning Lab Apps (Edms.) Bpk. Alle regte voorbehou.*

**Hierdie prent verwys na die volgende vrae: 8**




**Vraag 8: Waar/Onwaar** 2 punte

'n **Spanmaat** word ook 'n **opponent** genoem.

| | |
|---|---|
| **WAAR** | **ONWAAR** |

---

**Vraag 9: Skryf Jou Antwoord** 3 punte

Skryf die volgende sin oor in die infinitief:

Iets gebeur.

---



Kry meer inhoud by **www.worksheetcloud.com**
*Kopiereg Learning Lab Apps (Edms.) Bpk. Alle regte voorbehou.*

**Vraag 10: Voltooi Die Ontbrekende** 4 punte

Die soort selfstandige naamwoord wat na die naam van 'n persoon of plek verwys, word 'n (1) genoem, terwyl die soort selfstandige naamwoord wat na 'n algemene naam van 'n naamwoord verwys 'n (2) genoem word.

Opsies Is: eienaam | abstrakte selfstandige naamwoord | versamelnaam | soortnaam

| | | | |
|---|---|---|---|
| **1** | | **2** | |

**Vraag 11: Waar/Onwaar** 2 punte

'n Enkelvoudige sin bestaan uit 'n onderwerp, een gesegde en dikwels 'n voorwerrp.

| | |
|---|---|
| **WAAR** | **ONWAAR** |

**Vraag 12: Voltooi Die Ontbrekende** 4 punte

'n Sonnet bestaan uit (1) versreëls.
Die (2) sonnet bestaan uit 'n oktaaf en 'n sestet.

Opsies Is: 14 | 16 | 18 | Italiaanse | Engelse | Shakespeariaanse

| | | | |
|---|---|---|---|
| **1** | | **2** | |

**Vraag 13: Veelvuldige Keuse** 4 punte

Waarvoor staan die volgende akroniem: Sasol?

| | |
|---|---|
| **A** | Suid-Afrikaanse Steenkool-, Olie en Gaskorporasie. |
| **B** | Suid-Afrikaanse Silwer-, Opal- en Goudkorporasie |
| **C** | Suid-Afrikaanse Olie |
| **D** | Suid-Afrikaase Oliemaatskappy |


Kry meer inhoud by **www.worksheetcloud.com**
*Kopiereg Learning Lab Apps (Edms.) Bpk. Alle regte voorbehou.*

**Vraag 14: Voltooi Die Ontbrekende** 4 punte

Wanneer die onderwerp in 'n sin "dit" is (bv: Dit hael), dan word die werkwoord (1) gebruik en noem ons dit 'n (2) werkwoord.

Opsies Is: persoonlik | onpersoonlik | persoonlike | onpersoonlike

| | | | |
|---|---|---|---|
| **1** | | **2** | |

**Vraag 15: Waar/Onwaar** 2 punte

'n Onderskikkende sin is wanneer die saamgestelde sin uit een bysin en een of meer onderskikkende sinne of hoofsinne bestaan.

| | |
|---|---|
| **WAAR** | **ONWAAR** |

**Vraag 16: Veelvuldige Keuse** 4 punte

In watter van die volgende sinne word die werkwoord onoorganklik gebruik?

| | |
|---|---|
| **A** | Die man kap die hout. |
| **B** | Die son skyn. |
| **C** | Die seun lees die boek. |
| **D** | Die kinders eet die koekies. |

**Vraag 17: Waar/Onwaar** 2 punte

**Ongelukkig** en **droewig** is sinonieme vir **treurig**.

| | |
|---|---|
| **WAAR** | **ONWAAR** |



Kry meer inhoud by **www.worksheetcloud.com**
*Kopiereg Learning Lab Apps (Edms.) Bpk. Alle regte voorbehou.*

**Vraag 18: Veelvuldige Keuse** 4 punte

Identifiseer die sin wat 'n bywoord van plek bevat.

| | |
|---|---|
| **A** | Die kinders hardloop vinnig. |
| **B** | Die kinders hardloop daar. |
| **C** | Die kinders hardloop môre. |
| **D** | Die kinders hardloop stadig. |

---

**Vraag 19: Waar/Onwaar** 2 punte

'n Predikatiewe byvoeglike naamwoord staan voor die naamwoord wat dit beskryf.

**WAAR** **ONWAAR**

---

**Vraag 20: Voltooi Die Ontbrekende** 4 punte

"Reis" is 'n (1) van "rys" ,
terwyl "beoordeel" 'n (2) van "veroordeel" is.

Opsies Is: homofoon | homoniem | polisemie | paroniem | antoniem | sinoniem

| | | | |
|---|---|---|---|
| **1** | | **2** | |

---

**Vraag 21: Voltooi Die Ontbrekende** 4 punte

'n Veelvoudige sin bestaan uit (1) hoofsinne en word met "en" of (2) verbind.

Opsies Is: drie | twee | vier | en | maar | want | daarom

| | | | |
|---|---|---|---|
| **1** | | **2** | |

---



Kry meer inhoud by **www.worksheetcloud.com**
*Kopiereg Learning Lab Apps (Edms.) Bpk. Alle regte voorbehou.*

**Vraag 22: Veelvuldige Keuse** 4 punte

Watter stylfiguur kom in die volgende voorbeeld voor:

Die storie is al ou nuus.

| | |
|---|---|
| **A** | Oksimoron. |
| **B** | Personifikasie |
| **C** | Hiperbool |
| **D** | Metafoor |

---

**Vraag 23: Veelvuldige Keuse** 4 punte

Wat is die funksie van die gesegde in 'n sin?

| | |
|---|---|
| **A** | Die gesegde is die werkwoord in die sin en vul die voorwerp aan. |
| **B** | Die gesegde is die werkwoord in die sin en vul die onderwerp aan. |
| **C** | Die gesegde is die werkwoord in die sin en vul die infinitief aan. |
| **D** | Die gesegde is die werkwoord in die sin en vul die byvoeglike naamwoord aan. |

---

**Vraag 24: Voltooi Die Ontbrekende** 6 punte

'n Strofe bestaande uit 2 versreëls word 'n (1) genoem.
'n Strofe bestaande uit 4 versreëls word 'n (2) genoem.
'n Strofe bestaande uit 6 versreëls word 'n (3) genoem.

Opsies Is: koeplet | tersine | kwatryn | sestet | oktaaf | haiku

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **1** | | | **2** | |
| **3** | | | | |

---

**Vraag 25: Skryf Jou Antwoord** 3 punte

Identifiseer die beeldspraak in die volgende voorbeeld:

Die rooi ribbok rinkink oor die vlaktes.

| |
|---|
| |

---



Kry meer inhoud by **www.worksheetcloud.com**
*Kopiereg Learning Lab Apps (Edms.) Bpk. Alle regte voorbehou.*

**Vraag 26: Skryf Jou Antwoord** 3 punte

Identifiseer die bywoord van wyse in die volgende sin:

Die man skop die bal hard teen die muur.

---

**Vraag 27: Waar/Onwaar** 2 punte

Die antoniem vir **dikwels** is **gereeld**.

| WAAR | ONWAAR |
|---|---|

---

**Vraag 28: Skryf Jou Antwoord** 3 punte

Skryf die volgende sin korrek oor deur die gepaste leestekens in te vul:

'n groot walvis het gister op muizenbergstand uitgespoel

---

**Vraag 29: Veelvuldige Keuse** 4 punte

Identifiseer die sin wat 'n hulpwerkwoord van tyd bevat.

| | |
|---|---|
| **A** | Die vrou het die boek geskryf. |
| **B** | Om te swem is lekker. |
| **C** | Ek behoort binnekort tuis te wees. |
| **D** | Ek werk hard aan my taak. |



Kry meer inhoud by **www.worksheetcloud.com**

*Kopiereg Learning Lab Apps (Edms.) Bpk. Alle regte voorbehou.*

**Hierdie prent verwys na die volgende vrae: 30**



**Vraag 30: Skryf Jou Antwoord** 3 punte

'n Antoniem vir **spotgoedkoop** is ....

**Totaal:** 102 Punte



Kry meer inhoud by **www.worksheetcloud.com**

*Kopiereg Learning Lab Apps (Edms.) Bpk. Alle regte voorbehou.*